Litera

Gedigte

Carl Leggo	Tangled	p. 181
	Snapshots	p. 183
Bernard Odendaal	glasinfinitief	p. 184
	dobbelspel	p. 185
Jossie Potgieter	Sonskrif	p. 186
	Naspel	p. 186
Christine le Roux	boomhuis	p. 187
	swarthond	p. 187
	wolvin	p. 188
P. Verster	Woord	p. 189

Kortverhaal

Hilde Nel	Heks	p. 191

Die rubriek *Litera* word finansieel gesteun deur /
The section *Litera* is financially supported by

STIGTING VIR DIE SKEPPENDE KUNSTE
FOUNDATION FOR THE CREATIVE ARTS

Rubriek vir skeppende werk

Met die afdeling *Litera* tree ons toe tot die mark vir skeppende werk in al die tale waar daar normaalweg in *Literator* geskryf word.

Dit is die wens van die Redaksie dat die gedigte en kortverhale wat hierby verskyn, baie gedigte, kortverhale en prosa- en dramafragmente in ander inheemse tale sal roep, sodat hierdie blad één geïntegreerde beeld van die korter skryfwerk van jong Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

Dit is met vreugde dat ons die uitnodiging aan veral digters en kortverhaalskrywers rig om skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek, met die voorbehoud dat ons nie oor die mannekrag beskik om daaroor te korrespondeer nie. Bydraes in **viervoud** moet in dubbelspasiëring getik wees, met die naam en adres van die insender regs bo aan die eerste blad van gekramde tekste en op elke losbladvel wat gestuur word.

Stuur alle bydraes aan die Hoofredakteur, *Literator* (629), Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

Section for creative writing

In introducing the section *Litera* we are entering the market for creative work in all the languages that *Literator* normally caters for. It is the wish of the Editorial Board that the poems and short stories printed in this issue will only be the precursor of many poems, short stories, prose and drama fragments in all the indigenous languages, so that the journal will be able to present one integrated image of the short pieces of writing which young South Africans can offer.

It is with great joy that we extend this invitation to especially poets and short fiction writers to submit creative work with a view to publishing them in this section. The only reservation is that we do not have the manpower to enter into correspondence about the works submitted. **Four copies** of contributions have to be submitted. The submissions have to be typed in double spacing, with the name and address of the author at the top right of the first page of stapled text, and on every loose sheet sent in.

Send all contributions to the Editor-in-Chief, Literator, (629), Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, Potchefstroom 2520.

Carl Leggo[1]

Tangled

(Lines from Edmonton to my father in Newfoundland)

far away
in a city you will never know
I chase words in the cold air
and measure my worth
by the words made mine
and remember you
silent
crouched in the bow of dory
rising and falling on blue-gray waves
in the air yellow-orange with the sun
untangling the line I twisted in knots
in my frenzy to tear from the ocean
a cod with a lead jigger hooked in its side
and I remember you
sat
and traced the line through its knots
and said nothing
and untangled my line
that could reach to the bottom of the ocean
and lay in swirls at your feet
untangled it
in the morning sun
through the noon sun
into the afternoon sun
and said nothing
and I wouldn't look at you

---

1 After years of teaching school in Newfoundland, Carl Leggo joined the Department of Language Education at the University of British Columbia in 1990 where he teaches courses in writing and communication. His poetry has been widely published in journals and books.

because I knew you were mad
and I had to look
and you weren't mad
  you were smiling
and where I live now
there is no ocean
unless you stand on your head
and pretend the sky is ocean
  but it's not
and the line I throw out
never hooks into the sky
but always falls back
and tangles at my feet
and perhaps that's why
you could spend hours untangling
my tangled line
  you knew
an untangled line could be thrown
into the ocean's black silence
  and
anchor you to the bottom

Carl Leggo

Snapshots

on August 6 my father spoke
    two words only hello
    dropped the phone
a still silent world exploded
charged through the door
    leaped the steps
        raced the field
            jumped the fence
barged into Mrs. Pollard's house
    was gone
I chased him and sat on a rock
in the August morning air
the world silent still once more
    waited
    a long time
the blue sky exploded
fell around my feet
the siren like shards of glass
the ambulace men, the stretcher
my father, Mrs. Pollard
her face white like a beachstone
red with lipstick or blood
my father looked at me
his mouth opened and closed
the word dead hung
in the air all day
    for many days

Bernard Odendaal

glasinfinitief

(vir ernst van heerden)

om
pieng
die glasmusiek te hoor
om
juis benewens die skoonheid
immer die dood te vermoed
die skimskadu naas die deurstraalde glas

om
(self geamputeer
tot die plompe rompigheid van 'n pikkewyn)
die angs om breekware te snak
die troebel wysheid te koester
aangaande die wynvlek
die kelkie sonder voet

o om by die grasie gods
goedsmoeds te sterf

om uit fasette van geslepe verse
soos uit kosbare glase
te vonkel op die tonge van fynproewers
in heildronke en liedere van die roessugtiges

16 Junie 1994

Bernard Odendaal

dobbelspel

verslane parfume van 'n afgeleefde nag
'n leepoog-
maan
lae heuwellyne se uitgesakte wulpsheid

iewers tingeltangel nog 'n bietjie kriekejazz
vol malaise

sterre blerts soos flenterys uit 'n omge-
valle glas as die
wedmeester
oulaas
roep
–

dan dié gedig:
weer 'n worp van woorde wat wonderbaar moet dobber en
versteen

Jossie Potgieter

Sonskrif

Vir Gretel

Siltwit huisies helioblits
geheime Griekse seine –
ingelig léés ek die kodeflits
en kaats stralend die refreine.

Naspel

Die ma – desperaat van praat-en-praat
("Hoe durf jy daarmee speel?
net énetjie te veel ...")
sluk twéé.
Teatraal speel sy ambraal:
oë wat wit omdop
– gebreekte slaappop –
doodstil.

Die dogter ... nou nog bly sy maal-en-dwaal:
– hier of by Isfahan –
enige een kan
straks skielik
so strak
slaap.

Christine le Roux

boomhuis

ek het jou liewer as die blou bome
van al my mooiste dagdrome:
jy is die bloed van groen blare;
die skurwe mik waarin ek sit
en boomgomtrane oor jou drup

swarthond

die swarthond druk sy snoet snuiwe
aandringend teen my agterdeur
sy oë blink sluwer listiger
as selfs die laaste vaalgrys keer
'n maer lyf stommel sluik skelm
glip sloepglad deur die skrefie in,
die slungel skuifel braaf soek-soek
my skuiling in die verste hoek –
sy pels is kamma knus en sag
hy lek eers voetlangs, maak my saf,
die kop lig skalks knipoog 'n lag

toe gryp sy tande in my rou vlees vas

Christine le Roux

wolvin

kom haal my dan vanaand
– die klein alleenwolvin
wat huil wanneer die maan vol skyn
kom haal my teen die rant
waar wolwespore lê
en sout nog teen my snoet af brand

ek skuil alleen wolvin alleen
die pelsloses loop op my spoor –
veraf kan ek al skote hoor

kom haal my dan vannag, my lief
die veld is koud, en wit, en stil
en om my kan ek koeëls voel klap

 ISSN 0258-2279 *Literator 16 (1) Apr. 1995:181-189*

P. Verster

Woord

Uintjies is uitgeskoffel
en eenkant is knoffel gekweek,
steekgras is weggebrand
en soetpatats se ranke lê oopgesprei,
kruie is versigtig uitgeplant
want die gekneusde blare verloor die geur.
Rooirissie en radys brand
reeds voor die pluk.

Die woord word ryp.
Die vrug is soet op my tong.

Heks

Hilde Nel

Sy lê met haar bene opgetrek. Haar oë is op die plafon gerig, haar voorkop natgesweet. Sy voel hoe vingers ondersoekend in haar beweeg.

"Lyk goed", sê die klinieksuster en lag. "Die kind is groot. Jy't die lyf van iemand wat 'n seun dra."

"Ja", beaam die vrou toe sy moeisaam van die ondersoekbed afklim. "Dié keer móét dit 'n seun wees."

Die suster stap na die wasbak, spoel haar hande af. "As die pyne begin, moet jy inkom kliniek toe," sê sy. "Die vrouens van die lokasie sal nie weet wat om te doen as iets met die geboorte skeefloop nie."

Die vrou frons effens terwyl sy aantrek. "My skoonma wil my met die geboorte help," antwoord sy, haar oë afwaarts gekeer. Sy druk haar kopdoek reg, gereed om te gaan. By die deur talm sy 'n oomblik. "Jy weet hoe my skoonma is, Suster. Sy hou nie van nuwe idees nie."

Die vrou stap moeisaam huis toe. Haar lyf is vol. Haar tyd naby. Sy kan die skemergeluide van die lokasie in die verte hoor. Kinders wat skree en lag, honde wat blaf. Maar die huise kan sy skaars uitmaak, want die lug is vaal van die aandvure se rook. 'n Vuil kombers, dink sy. 'n Vuil kombers wat elke aand oor die lokasie getrek word om laat soggens eers weer afgehaal te word.

Sy stap versigtig, want die pad na haar huis is ongelyk van slote en gate wat deur jare se reëns uitgespoel is.

"Molo, Mama!"
"Hoe gaan dit?"

Oral langs die pad groet mense haar. Dan staan sy eers stil om oor die kind te praat.

"Die suster sê dit kan 'n seun wees. Dis 'n groot baba, dié."

Sy vryf met haar plathand oor haar maag en lag hard.

Haar asem jaag teen die tyd dat sy by haar huis kom. Sy lê vir 'n ruk op haar matras, kyk hoe die laaste strale van die middagson traag speel op die tydskrif-uitknipsels wat die sinkplaatmure van haar huis versier. Haar oë word swaar. Sy raak aan die slaap. In 'n droom sien sy haar man tevrede glimlag, want dié keer kry hy 'n seun.

Dieselfde nag nog begin die pyne. Sy maak haar oudste dogter wakker om die ander te gaan roep – haar ma en skoonma, en van hulle susters. Haar lyf trek krom van die pyn en sy voel bang. Vir die eerste keer.

"Julle moet my na die kliniek toe neem. Die pyne is verskriklik." Sy voel die sweet op haar voorkop pêrel, hoor die vrouens onseker onder mekaar mompel.

"Ons moet 'n kruiedokter laat kom. Ek vertrou nie die kliniekmense nie." Haar skoonma se stem klink vir haar driftig. Die vrouens begin weer onseker onder mekaar mompel. "Ek wil kliniek toe gaan," prewel sy, haar stem bewerig van die pyn.

Net voor dagbreek begin die groepie vroue gereed maak om kliniek toe te gaan. Die pad soontoe voel lank, want haar bene wil haar nie meer dra nie. Sy leun swaar teen die ander se lywe.

Sy lê op die ondersoekbed, luister na die blaasgeluid van die bloeddrukmeter. Die stywe rubberband om haar arm maak haar hand lam. So asof die bloed in haar vingers uitkomplek soek. Toe die suster die band losmaak en haastig na die telefoon stap, weet sy dat iets verkeerd is.

"Lê jy net rustig," sê die suster gemaak kalm, maar sy kan sien hoe die sweet op die suster se voorkop pêrel en hoe sy kort-kort senuweeagtig by die venster uitkyk. Sy hoor die geluid van motorbande op gruis, sien die uitdrukking van verligting op die suster se gesig. "Dokter, jy moet gou maak. Die pasiënt se bloeddruk is baie hoog," skree die suster by die deur.

'n Wit man in 'n wit jas stap haastig binne, gaan dadelik na 'n wasbak om sy hande te was.

"Mama, hoe laat jy arme Suster so skrik?" terg hy terwyl hy haar ondersoek. Sy probeer glimlag, maar haar lippe wil nie roer nie, want die pyn en die swakheid laat haar brein dom voel.

"Ek sal moet sny," hoor sy die dokter sê. "Daar's nie tyd om vir hulp te wag nie. As ek al twee se lewens wil red, moet ek nóú sny." Sy reageer skaars, voel net vaagweg 'n naald in haar arm ingaan. Dan word alles warm en swaar.

"Hoeveel kinders het hierdie vrou al?" vra die dokter terwyl hy werk.

"Sy't drie kleintjies," antwoord die suster. "Drie dogters. Hierdie kind is die vierde een."

Die dokter knik sy kop stadig, lig die baba uit en gee haar vir die suster aan.

"Gaan sorg jy nou vir die baba," sê hy. "Ek sal alleen verder regkom."

Die vrou hou die babadogtertjie wat buite die sinkplaathuis tussen die ander kinders in die stof speel, aandagtig dop. Die kind is gesond en word mooi vet, dink sy, maar tog voel haar hart swaar. Sy staan op, stap stadig na die heuwel buite die lokasie. Haar treë is dié van 'n ou mens – nie dié van 'n jong, vrugbare vrou nie. Halfpad op gaan sy op 'n rotsbank sit. Ver onder lê die lokasie in die son en bak. Sy kan vaagweg haar huis tussen die ander uitmaak.

Vier dogters en geen seun nie. 'n Vrou wat nie vir haar man 'n seun kan gee nie! Sy bedek haar oë met haar hande, sit lank so totdat die middagson vir haar te warm word. Dan staan sy op en stap stadig terug lokasie toe.

Dié nag kom haar man weer by haar lê, soos elke aand sedert sy die baba ophou soog het. Toe hy later natgesweet van haar wegrol, begin hy in 'n skor stemtoon praat.

"Jy kan my nie 'n seun gee nie. Is die geeste dalk ontevrede?" Hy aarsel, praat dan vinnig verder.

"My mense sê ons moet met 'n toordokter gaan praat."

Sy kom vinnig orent. "Maar ek is 'n gelowige mens! Jy weet dit tog!" Haar stem wil-wil wegraak. Sy staan op, gaan buite staan. Haar lyf bewe effens. Die nagte word al kouer, dink sy. Eersdaags sal dit winter wees.

Die winter het dié jaar vroeër as gewoonlik gekom. En die ryp is strawwer. Die vrou staan agter haar huis, kyk na die kwynende plante wat sy met soveel sorg aangeplant het. Buite die lokasie lê die veld vaal en droog. Die vee trap die veld uit, dink sy toe sy na die kaal kolle kyk waar die gras doodgegaan het.

Sy stap tussen die sinkplaathuise en kleihutte deur totdat sy uiteindelik by 'n klein klipkerkie 'n ent buite die lokasie kom. Daar tref sy die predikant buite in die skadu van die kerkgebou aan waar hy aandagtig sy Bybel sit en lees. Hy lyk skielik vir haar baie oud – sy wit vel verrimpeld van baie jare se blootstelling, sy hare yl en grys. Toe sy begin praat, kyk hy vir die eerste keer op.

Sy stort haar hart voor die man van God uit. Vertel hom van haar pyn. Van haar lyf wat leeg bly.

"My skoonma verwyt my omdat ek kliniek toe gegaan het vir die geboorte van my jongste kind. Sy sê as sy my met die geboorte gehelp het, sou ek teen dié tyd al weer 'n kind gedra het." Haar oë skiet vol trane, haar stem begin bewe.

"Nou die dag het sy selfs vir my gesê my lyf bly leeg omdat ek van die *thikoloshe* droom!"

Die predikant sit sy hand op haar skouer.

"Moenie jou so ontstel nie. Jy weet jou skoonmoeder volg die óú tradisies na."

Hy beduie met sy hand in die rigting van die kerkgebou. "Onthou net, jy is deel van hierdie kerk. Jy sal moet sterk wees en jou nie aan sulke heidense idees steur nie."

Die winter het verbygegaan en die somer het gekom, maar vir die eerste keer in jare val die reëns nie soos dit moet nie. So droog is dit dat die koeie nie meer genoeg melk het nie, en die kalwers die een na die ander vrek.

Toe begin die mense onder mekaar praat, want te midde van alles is die vrou se lyf nog steeds leeg.

Is daar spot in hulle oë, of bejammer hulle my net? wonder sy wanneer sy soggens die dag se water by die naaste kraan gaan tap. Sy groet almal, maar probeer met niemand 'n gesprek aanknoop nie, want die skaamte oor haar leë lyf het vir haar te veel geword.

Sy kyk bang rond. Die kleimure van die vertrek waarin hulle sit, laat haar vasgekeer voel. Haar man sit stil op die grond tussen sy twee ouer broers. Van sy susters is ook daar. En sy ma. Sy kyk na die mense om haar, voel skielik baie eensaam. Almal haar man se mense. Die mense wat 'n seun by haar wil hê. 'n Seun om hulle naam voort te dra. 'n Seun wat sy vader sal dien en onthou ná hy sterf.

Die reuk van *muti* in die vertrek maak haar half naar. Sy kyk na die man wat gehurk voor hulle sit – *igqirha lokumisela*, die toordokter wat onvrugbare vroue help. Daar is kralewerk in sy hare. Sy oë is groot, sy blik skerp. Dit laat haar bang voel.

"Eers baar sy net dogters, en nou bly haar lyf heeltemal leeg!" Die toordokter se stem klink skril. Almal teenwoordig beaam sy woorde en klap heftig hande.

"Hier is *muti*," sê die toordokter toe hy hulle wegstuur. Sonder om hom te bedank, bêre sy die wortels tussen haar borste en stap half eenkant van die ander terug huis toe. Sy kyk anderpad toe sy verby die klipkerk stap.

Dit is asof daar 'n donker wolk oor die lokasie hang. Asof die mense in die lokasie al minder en minder glimlag. By die kliniek deel 'n groep vrouens van die wit dorp elke dag bekers sop en brood met grondboontjiebotter vir die kinders uit, want hulle wange is hol en hulle mae geswel van ondervoeding. En die toordokter moet weer en weer veld toe gaan om *muti* te soek, want daar doen nou gereeld onvrugbare vrouens by sy huis aan – vrouens wat voorheen kinders kon baar, maar wie se lywe nou leeg is.

Die boodskap versprei vinnig deur die lokasie. Dit het tyd geword om elders 'n toordokter te gaan raadpleeg. Een wat niks van die lokasie se sake af weet nie. Een met 'n goeie reputasie. Al die volwassenes moet gaan, die getroude vrouens en die mans wat al besny is.

Dit is 'n winderige dag. 'n Groot groep mense van die lokasie wag onder 'n bloekomboom. Hulle staan in klein groepies en gesels. Dan stop drie minibus-taxi's. Die mense talm eers, begin dan half onseker inklim.

Iewers in die veld naby die buurdorp hou hulle stil. Almal klim uit. Iemand wys vir hulle om te gaan sit. Hulle wag. Niemand gesels nie. Dan verskyn 'n groot gestalte in die voetpad voor hulle.

"My *muti* het vir my gesê julle kom," sê die groot gestalte. Sy vingers krap voor hom in die lug.

"Ja! Ja!" beaam 'n ou man van die lokasie. "Ons het gekom om hande te klap."

Die toordokter se lyf ruk. Hy maak wilde bewegings met sy arms.

"Daar is onheil in julle midde," skree hy met 'n skril stem.

"Ons stem saam!" Die mense beaam sy woorde en klap heftig hande.

Hy hurk voor die groep mense. "Julle leef in moeilike tye," sê hy.

"Julle kinders verhonger en julle vee is maer. Julle het oral hulp gesoek – by kruiedokters, by toordokters en selfs by die wittes se kerk. Maar steeds is julle honger. Steeds ly julle."

"Ons stem saam!" beaam die skare al klappende.

Die toordokter bly vir 'n ruk lank stil, maak vreemde bewegings met sy arms.

"Iemand in julle midde bring teenspoed," sê hy dan. "Iemand laat julle ooie se melk opdroog en laat julle kalwers vrek."

"Ons stem saam!" Die mense klap driftiger hande, stamp met hulle voete op die grond.

"Iemand – een van julle eie mense – laat die reëns wegbly en maak julle vroue onvrugbaar." Die toordokter se stem klink hees en onheilspellend. Dan spring hy skielik op, begin heen en weer voor die groep mense dans.

"Daar is 'n heks in julle midde!" Sy woedende stem weergalm oor die veld.

"*Igqwira! Igqwira!*" skree hy en wys met sy regterhand in die skare in. "Heks! Heks!"

Die vrou voel duiselig. Almal se oë is op haar gerig. 'n Koue rilling beweeg van haar voete af op. Haar wange gloei warm.

Die toordokter staan voor haar, sy oë skerp spiese wat haar lyf steek. Hy praat hard en stadig.

"Jou gees gaan snags as jy slaap na buite om onheil te pleeg. Jou oë glim rooi in die nag. Jy vergader snags saam met die ander hekse in die bosse waar julle saam dans en julle onheil beplan."

Sy bedek haar oë met haar hande. Haar hart fladder in haar bors.

"Jy hou jouself eenkant van jou mense, maar jy loop saam met 'n *thikoloshe*," sê die toordokter, sy stem skaars hoorbaar bo die handegeklap van die mense.

"Jy lê by die harige mannetjie wat sy penis oor sy skouer dra. Jy stuur hom om die koeie se melk uit te drink."

Die toordokter se gesig vertrek van woede.

"Jy stuur die *thikoloshe* om die ander vroue van die lokasie onvrugbaar te maak, want jy is jaloers op hulle vol lywe!" Hy draai sy rug op haar.

"*Igqwira! Igqwira!*" begin die mense skree. "Heks! Heks!"

Haar mond voel droog. Sy kan skaars die gesigte in die skare uitken, want haar oë is mistig van vrees.

Dan begin hulle haar met klippe bestook. Sy draai om, begin hardloop. Daar is 'n skerp pyn op haar linkerskouer. En teen haar enkel. Iets warms loop teen haar been af. Sy kyk om, sien hoe die stof en klippe in die voetpad agter haar rooi verkleur. Maar sy hou aan hardloop. Weg, weg van die skreeuende skare. Weg van die gesigte wat eens vir haar bekend en geliefd was. Weg van die pyn en hartseer van die laaste jare.

Sy gaan eers staan toe sy bo-op die heuwel tussen die twee dorpe kom. Haar asem jaag, haar keel brand. Dan kyk sy onder toe. Haar maag draai. Aan die voorkant van die lokasie waar haar huis is, sien sy vlamme. Vlamme en rook.

"My huis, net nie my huis nie," fluister sy en sak op haar knieë neer. Haar lyf begin ruk, haar kermkrete verbreek die veld se stilte.

* * *

In die kliniek buite die lokasie sink 'n jong vrou al kreunend weg in 'n diepe slaap. Die wit man met die wit jas begin sekuur sny, sy hande bestendig.

"Hoeveel kinders het hierdie vrou al?" vra hy terwyl hy werk.

"Sy't vyf kleintjies," antwoord die suster. "Hierdie kind is die sesde een."

Hy knik sy kop stadig, lig die baba uit en gee hom vir die suster aan.

"Gaan sorg jy nou vir die kind. Ek werk gou toe," sê hy, sy wit rubberhandskoene rooi van die bloed.

Die suster talm vir 'n oomblik. "Moet ek nie eerder help nie?" vra sy.

"Nee, gaan nou. Ek sal alleen verder regkom."

In die vertrek langsaan gee die pasgebore baba sy eerste lewenskreet. "*Thula bhabhana*," neurie die suster. Sy wonder of hierdie baba ook sy ma se laaste kind sal wees.